



AKADEMIA

AD FUTURUM PER FONTES

Die klassieke vormingsideaal: ’n praktiese besinning

’n Openbare lesing deur Cornelia Brace op 7 September 2023 by die Fakulteit Opvoedkunde

Goeiemôre

My naam is Nel Brace, eintlik is my voornaam Cornelia, maar my Engelse man het aanvanklik vreeslik met die uitspraak daarvan gesukkel, so voor Simon is dit Cornelia, ná Simon is dit Nel. Die Engelse invloed loop nou sterk en ek vra by voorbaat verskoning vir die manier waarop ek in vandag se bespreking my taal gaan vermeng.

Ek is die ma van vyf kinders tussen die ouderdomme van veertien en ses en ek onderrig hulle tans tuis. Die feit dat ek gevra is om vandag te kom gesels oor klassieke opvoeding by die enigste tersiêre opvoedingsinstelling in ons land met ’n klassieke begroning laat ’n mens wonder of, soos Latyn ’n dooie taal is, klassiek dalk ’n afgestorwe opvoedingsfilosofie is.

Die goeie nuus is dat ’n taal slegs dood verklaar word indien daar geen meer inheemse gebruik daarvan is nie en dus red ’n paar besondere inwoners van die Vatikaanstad Latyn. Miskien beteken die feit dat Professor Goosen en ’n handjievol tuisskolers iewers in Suid-Afrika ’n klassieke opvoeding nastreef dat die filosofie darem nog, net-net asemhaal.

Wat sou maak dat ons so domastrand wil wees om vas te klou aan ’n onbekende, antieke en skynbaar onpraktiese siening oor opvoeding? In my geval is die antwoord eenvoudig: Die siele van my kinders. Prof. Goosen s’n is dalk meer edel, die siel van ’n nasie.

In my aanbieding vanoggend gaan ek eerstens ons storie vertel sodat julle kan verstaan hoe ons op die klassieke roete begin stap het. Daarna sal ek verduidelik hoe ons tans die klassieke opvoeding verstaan en navolg. Verstaan asseblief uit die staanspoor dat ons self nog baie het om te leer, dat ons definitief nog nie ten volle begryp waarmee ons besig is nie en dat ek nie oor die antwoorde vir al julle vrae beskik nie. Ek mag julle wel met meer vrae laat as waarmee julle begin het.

Ek begin die storie met my eie opvoedingspad. My skoolloopbaan was teksboek. Leer was vir my maklik en die formele skoolstelsel met sy kompeterende akademiese inslag het my pligsgetroue en gedrewe persoonlikheid soos ’n handskoen gepas. Ek voltooi matriek met ses A’s in 1996 en sou moontlik meer kon verdien indien my plattelandse skool meer vakke aangebied het. Daar was nie ’n enkele kwartaal wat my naam nie bo-aan die akademiese toptienlys gepryk het nie. Bo en behalwe akademie was ek ook veelsydig en ek het sport en kulturele buitemuurse aktiwiteite geniet. ’n Mens sou waarlik kon sê dat ek ’n prima voorbeeld van ’n suksesvolle uitkoms van die Suid-Afrikaanse skoolstelsel was. Verdere voorgraadse studie was ’n moeilike besluit vir ’n agtienjarige wat “alles kon doen.” Pragmatiese salarisoorwegings het my aanvanklike keuses bepaal maar my siel wou nie byt aan die lewensstyl wat by implikasie sou volg nie. So, beland ek toe helaas in die Fakulteit Opvoedkunde op Stellenbosch en voltooi ’n destydse HOD met vakdidaktiek in Engels en Wiskunde. Geen deel van my studies was ooit werklik “moeilik” nie. Ek het met minimum inspanning alles met vlieënde vaandels geslaag.

En tog was daar ’n onrustigheid in my siel. Hutsteken “goed opgevoed” moes tog sekerlik op my van toepassing gewees het? Ek het dan al die boksies afgemerk en deur al die hoepels gespring. Na my HOD het ek soos vele ander onderwysstudente met studieskuld myself na die onderwyserskrisis in die Verenigde Koninkryk gewend en gaan ponde verdien vir ondankbare werk in Britse openbare skole. My ingesteldheid en die beginsels van my HOD het goed by die Britse stelsel ingepas en ek het my rol as onderwyseres deeglik en getrou vervul. Maar, met die blootstelling aan ’n wyer wêreld groei die onrustigheid in my siel. Wat presies was hierdie gevoel, hierdie onrustigheid? Ek sou dit beskryf as daardie vrees in ’n kamer vol welbelese mense dat iemand dalk enige oomblik gaan vra vir my insette of opinie oor ’n saak waarvoor ek eintlik geen benul het nie. ’n Verskuilde onvermoë om op ’n konstruktiewe wyse deel te kon neem aan belangrike en sinvolle gesprekke omdat ek nie oor die insig of selfs die basiese woordeskat beskik het nie. ’n Besef dat my studie my dalk voorberei het om my rol as opvoedkundige werknemer te vervul, maar nie om as volwaardige lid van die samelewing te kon deelneem aan die groot opvoedkundige gesprek nie. Een van die eerste boeke wat ek oor klassieke opvoeding gelees het, het hierdie toestand raak beskryf: “I was schooled, but I was never educated.”

Deur ons verdere studie aan ’n kweekskool waar klassieke, Thomistiese metafisika, epistemologie, formele logika en deugdestudie aan die orde van die dag was, ontdek ek en Simon ’n wêreld van vrae en antwoorde binne die Christelike tradisie en die voorgangers daarvan wat lewe ingeblaas het in die stowwerige hoeke van ons verstand. Met die geboorte van ons kinders word die keuse van ’n opvoedingsfilosofie diep persoonlik. Ons begeerte was, en is nog steeds, om ons kinders op te voed sodat hulle volwaardig deel kan hê aan die groot akademiese gesprek. Ons wou die tekortkominge van ons eie opvoeding voorkom in hul lewens. In die VSA, waar ons toe gewoon het, was daar reeds ’n opbloeit in klassieke onderrig veral onder tuisskolers. Ons het in die klassieke kurrikula wat ons rondom ons beleef het die noodsaaklike elemente vir die opvoeding van ons kinders herken, deels as gevolg van ons eie akademiese belewenis maar grotendeels as gevolg van ons blote menswees.



Ons begrip was beperk en ons het intussen besef dat die waters baie dieper is as wat ons ooit besef het, maar ons het toe onverskrokke ingedui en begin swem. Intussen het ons besef dat ons opvoedingsideaal eintlik te kort geskiet het en dat 'n klassieke opvoeding soveel meer bied as wat ons verwag het. Hier bring ek eer aan ons Skepper vir sy voorsiening. Soms voorsien Hy selfs dit wat ons nie eers besef ons nodig het nie. So waar staan ons storie nou?

Tans tuisonderrig ons, ons vyf kinders met wat ons beste poging tot 'n klassieke opvoeding is. Ons gebruik as breë raamwerk 'n Amerikaanse program genaamd Classical Conversations (CC). CC is nie die enigste of beste klassieke kurrikulum wat vir tuisskolers beskikbaar is nie, maar dit het ons aanvanklike behoefte vir 'n happiegrootte-hulpbron vervul. Soms voel dit asof ons die vliegtuig midvlug aan die herstel en verstel is, maar ons vlieg. Daar is 'n besondere bevrediging in die voorreg om op hierdie manier deel te wees van ons kinders se opvoedingsreis en in die proses word van die leemtes in ons eie opvoeding ook gevul. Ons is diep dankbaar.

So wat presies is 'n klassieke opvoeding? Net ter erkenning, die volgende deel van my aanbieding leun swaar op die werk van Andrew Kern en dr. Gene Veith van die Center for Independent Research on Classical Education (CirCE) in die VSA.

Die definisie van 'n klassieke opvoeding is: die kweek van wysheid en deugde deur die siel te voed met die ware, goeie, en skone. Dit word gedoen deur middel van die sewe vrye kunste (liberal arts) sowel as die vier wetenskappe. Hoe vergelyk dit met u definisie van opvoeding?

Miskien is 'n paar verdere definisies hier in orde. Ek vra om verskoning as hierdie begrippe reeds aan u bekend is, maar ter wille van die waarvoor dit aardsvreemd klink, 'n paar bondige definisies.

Om te kweek het hier te make met verbetering deur werk of studie, die regstel van foute, die vergroting van kapasiteit, en verfyning en suiwering.

Wysheid en deugde is die vermoë om by uitstek te leef volgens die goedheid soos bepaal deur ons mensheid, volgens ons aard. Om geloof, hoop, liefde, omsigtigheid, geregtigheid, standvastigheid, en matigheid as gewoonte na te streef.

Hoe kweek ons wysheid en deugde? Deur die siel te voed (nourish) met die waarheid, die goedheid en die skoonheid. Om die siel te orden, te rig na dit wat goed, waar, en beeldskoon is.

Hierdie ordening en voeding word bewerkstellig deur die beoefening van die sewe vrye kunste op die vier wetenskappe.

Miskien net 'n vinnige verduideliking van die konsep van kunste soos hier gebruik. 'n Kuns hier is nie die eindproduk van 'n kunstenaar se poging nie. Dit is hier die metode wat iets anders as die kuns self teweegbring, 'n vaardigheid. Die vrye kunste bring begrip teweeg en daarom is dit die kuns van denke.

Hierdie redelikheid of denkvermoë is wat die mens van die dier onderskei. In besonder is die mens enig in sy vermoë om te dink met die gebruik van simbole insluitende woorde, getalle, vorms en musikale en visuele uitbeelding.

Die eerste drie van hierdie kunste is die trivium: grammatika, logika en retoriek. Dit ontwikkel die kundige en gepaste gebruik van verbale simbole, of dan taal. Hierdie ontwikkeling is noodsaaklik vir ons mensheid.

Verder kan geen dier getalle en vorms gebruik soos die mens nie. Selfs musiek ontstaan uit ons vermoë om getalle in hul verhoudings en proporsies te hoor.

Die vier kunste van die Quadrivium, rekenkuns (arithmetic), meetkunde, musiek en astronomie ontwikkel dan getalvaardighede. Ek sal so bietjie uitbrei oor die sewe liberale kunste wanneer ek meer vertel oor hoe ons dit tans toepas.

So, deur middel van die sewe vrye kunste verskerp ons die vaardighede om goed te kan dink en dan by implikasie goed te kan leef.

Net 'n laaste gedagte oor die vrye kunste voordat ons aanbeweeg na die wetenskappe. Die vrye kunste is so benoem omdat dit die kunste is wat vrylik beskikbaar is vir elke vrye mens. Hierdie kunste is ook noodsaaklik vir vryheid. 'n Samelewing wat nie hierdie kunste bemeester nie kan nie vry wees nie. Hy wat nie logika bemeester nie is uitgelewer aan manipuleerders buite homself in die samelewing en binne sy eie siel. Hy wat nie retoriek bemeester nie sal nooit vryelik en op 'n toepaslike wyse uitdrukking aan sy gedagtes kan gee nie.

As die sewe vrye kunste vaardighede slyp, is die vier wetenskappe die slypsteen. Dit waaroor ons gedagtes en denke vorm, is die domein van kennis binne elke tipe ondersoek. Die idee van "wetenskap" soos hier beskou is baie wyer as bloot die kennis vervat in die natuurwetenskappe. Die kaping van die woord "wetenskap" deur die modernisme en sy naturalistiese vooroordeel word goed weerspieël deur die gewilde gesegde: die wetenskap het bewys, of dit is wetenskaplik bewys as 'n aankondiging van onbetwisbare waarheid. So asof die natuurwetenskappe alleenreg tot die waarheid het. Wetenskap in die breë sin het ten doel die begrip van oorsake. Die orde van die wetenskappe is gegrond in universele menslike belewenis.

Ten eerste is *natuurwetenskappe*, kennis van die fisiese orde soos biologie, fisika, en chemie. Die biologie word gerig deur die poging om oorsake van bestaan en verandering in lewende wesens die verstaan. Fisika word gerig deur ondersoek na kragte wat verandering in die fisiese terrein (realm) teweegbring. Chemie word gerig deur ondersoek oor die elemente waaruit fisiese voorwerpe bestaan.



Die metode (mode) van ondersoek (inquiry) van die natuurwetenskappe is navorsing oor materiële en doeltreffende oorsake. Observasie en meting is in besonder van toepassing op hierdie domein. Die doel van die natuurwetenskappe is begrip van die oorsake van verandering in die fisiese wêreld sodat die mens met wysheid en deugde in verhouding met die kosmos kan leef.

Ten tweede is *menslike wetenskappe*, die kennis van morele orde. Dit wil sê die wetenskappe van menslike gedrag en die siel, by name etiek en politiek. Etiek vra die vraag: hoe kan die mens sy potensiaal vervul, hoe kan hy floreer? Hoe kan hy waarlik goed wees? Politiek probeer verstaan hoe die menslike samelewing die florerings van sy lede teweegbring. Hoe kan 'n samelewing deugde by sy lede kweek. Politieke studies sluit dan ook besinning oor die geskiedenis en ekonomie in. Die menslike wetenskappe is van 'n hoër orde as die natuurwetenskappe en die metode van ondersoek is diep bepeinsing oor die menslike siel. Dit sluit in 'n dialektiese omgang met kunswerke, letterkunde en ander geskiedkundige bronne in. Die menslike wetenskappe het ten doel om begrip van die oorsake van menslike gedrag te ontwikkel sodat die mens vir homself die deugde kan bereik en dit ook binne ander kan aanwakker en kweek.

Ten derde is die *filosofiese wetenskappe* die kennis van metafisika en epistemologie. Die unieke instrumente van filosofiese ondersoek is diep nadenke en dialektiese redenasie. Die doel van filosofiese wetenskappe is om die beperkings van menslike kennis en oorsaaklikheid op sigself te verstaan. Dit is in die metafisika dat ons een van die sterkste kontraste tussen klassieke en modernistiese opvoeding sien. Die volgende aanhaling deur Andrew Kern beskryf hierdie kontras:

To the modernist, especially after John Dewey, metaphysics is a waste of time because we can only know what the natural sciences reveal to us. Thus, modern education is driven by experimentation and measurement. The modernist educator has determined that knowledge is the adaptation of an organism to its environment. The classical educator is deliberately metaphysical and does not approach philosophy with despair. He believes that the world we live in is real and that it is knowable. Therefore, for the classical educator, knowledge is gained when the seeker encounters an idea embodied or incarnated in concrete reality. When the modernist educator teaches, his goal is an adaptation to the environment, or what is commonly called a practical application. When a classical educator teaches, his goal is wisdom and virtue. This will have plenty of practical applications, but it will also include the ability to know when not to adapt to the environment – when to resist it and when to be martyred by it. The irony is that the modernist disables his student from sound practical applications because he has misrepresented reality and thereby made it difficult to adapt to it. Meanwhile, the classical educator has enabled the student to think in terms of circumstances without abandoning virtue.

Die laaste van die vier wetenskappe is die *teologiese wetenskap*. Hier is ons besorg oor kennis van die Eerste Oorsaak, God Homself. Die teologiese wetenskap is die hoogste wetenskap. Al die instrumente van die laer wetenskappe word ingespan vir die verkryging van teologiese kennis. Natuurlik erken die Christen dat sekere teologiese waarhede alleen deur Spesiale openbaring ontdek word. Die doel van teologiese wetenskap is om alle ander kennis te rig na die Eerste Oorsaak.

Dit is dan, in baie breë trekke, die vrye kunste en die wetenskappe soos verstaan binne die klassieke opvoeding. Vir die klassieke opvoeder is die doel van opvoeding om die student se siel te rig na die ware, die goeie en die skone. Dit word gedoen deur die vaardighede van die liberale kunste te beoefen op die wetenskappe, sodat die student met wysheid en deug in vryheid kan leef.

Gun my 'n paar oomblikke om nog twee belangrike elemente van klassieke opvoeding uit te lig wat in sterk teenstelling met moderne pragmatiese opvoeding staan.

Eerstens, die klassieke opvoeder is daarvan oortuig dat die mens 'n skepsel met ewigheidswaarde is. Vir die Christen is hy 'n beeldraer van God self. Die mens is nie net 'n organisme wat moet oorleef nie. Hy het 'n ewige siel. Dus hou die florerings van die mens nie net met materiële voorsiening verband nie, maar met sy verwantskap met waarheid, goedheid en skoonheid. Daar is 'n fundamentele verskil in die beskouing van opvoedkunde as die voed van 'n siel teenoor die pantsering van 'n deelnemer vir oorlewing in 'n kompeterende samelewing. 'n Klassieke opvoeding het hoë agting vir die mensheid.

Tweedens, die klassieke opvoeder herken realiteit as 'n samehangende en “kenbare” geheel en daarom is klassieke leer altyd geïntegreerd. Alle kennis hou verband en geen wetenskap staan afsonderlik van 'n ander nie. Vir die klassieke opvoeder is die bemeestering van die vrye kunste en die vaslegging van daardie vaardighede van grootste belang. Spesialisering in 'n akademiese rigting is eers moontlik wanneer hierdie vaardighede bemeester is. Om bekend te wees met die inhoud van 'n vakgebied is nooit die einddoel nie. Om oor die vaardighede te beskik om jouself bekend te maak met die inhoud van enige vakgebied en om die ware, skone, en goeie daarin te kan herken en toe te eien is om opgevoed te wees.

Hierdie is inderdaad hoë ideale. En soos die goeie produkte van 'n moderne pragmatiese opvoeding gaan julle dalk nou tereg vra, hoe lyk dit prakties?



Uit 'n persoonlike oogpunt is die klassieke opvoeding vir my 'n Koperniese Rewolusie. As die produk van beide 'n moderne pragmatiese skoolsisteem en onderwysopleiding, is ek baie diep ingeburger in die beginsels daarvan. Dit is amper 'n daaglikse stryd om myself te herinner dat die siele van my kinders nou sentraal staan in die stelsel. My konstante geneigdheid is om die ware, skone, en goeie te verwar met dit wat werk, dit wat boksies tik, dit wat amptenare tevrede hou en dit wat eendag brood op die tafel gaan sit. Wysheid en die deugde sluit natuurlik nie hierdie dinge uit nie, maar dit is so maklik om die byprodukte te verwar met die eindproduk.

My Koperniese Rewolusie is dan ook hoofsaaklik beperk tot my huishouding aangesien ons tuis onderrig. Dit is betreklik maklik om ons skedule, hulpbronne, uitkomst, en assessering te rig volgens 'n klassieke opvoedingsfilosofie. Op hierdie stadium is daar nog relatief min en oneffektiewe regeringsbeperkings op tuisonderrig. Tyd sal leer of die BELA-wetgewing dinge vir ons gaan vermoeilik. My klassieke benadering neem dus net die vyf individue in my huis in ag en sodoende vermy ons die groot omwenteling wat in die publieke opvoedingsfeer sou nodig wees vir 'n klassieke aanslag.

In alles wat ons doen staan goedheid, waarheid, en skoonheid sentraal. Dit is my barometer. As ek nie kan verduidelik hoe 'n spesifieke aktiwiteit ons begrip en belewenis hiervan bevorder nie, is ons nie meer besig met opvoeding nie.

Ter verduideliking gaan ek so bietjie meer uitbrei oor hoe ons die trivium, (grammatika, logika, en retoriek) daaglik beoefen en sodoende hoop ek om die kontras tussen 'n klassieke benadering en die moderne benadering nog duideliker te maak.

Die fokus van wat ons leer is nie inhoud nie, maar vaardigheid. Ons beoefen die vrye kunste van grammatika, logika en retoriek op die inhoud.

Opvoeding begin natuurlik nie die jaar wat 'n kind vyf is en ses word nie. Opvoeding begin op dag een. Ons begin reeds dan met die vaslegging van woordeskat en oorfloedige idees. Dit is grammatika. Die aanleer van 'n taal is miskien die beste voorbeeld hiervan. Ons begin by die grammatika, die basiese elemente (woordeskat) en die reëls (sintaksis) wat die struktuur daarvan bepaal. Elke vakgebied het 'n grammatika. Dink byvoorbeeld aan die aanleer van 'n nuwe stokperdjie. Daar is in enige nuwe veld van kennis, woordeskat en struktuur wat bemeester moet word. Vir die jong kind is die aanleer van grammatika 'n natuurlike proses. **Ons benoem**, "mamma, wat is dit?" Ons benoem voorwerpe, en hul dele, ons bedink en bespreek die kategorieë waaraan hulle behoort. Wat is dit, wat is dit nie, wat is nog soos dit? **Ons let op** (attend). Met die vyf sinne stel ons nabye ondersoek in. Ons raak stil en leer om versigtig te kyk, en te luister. Ons dissipleneer onself om agting te gee aan wat ons beleef. Ons vergelyk met vorige belewenisse. Om op te let is 'n dissipline wat gekweek moet word. **Ons memoriseer** feite en verhoudings tussen voorwerpe en gebeurtenisse sodat ons kan onthou, verbind, en ou idees kan uitbrei na nuwe idees. Memorisering word die ryk stoorkamer en fondasie waarop ons, ons denke bou. Ons gee uitdrukking aan wat ons onthou deur voor te dra, te teken, te dans, te sing. As waarheid, die ooreenstemming van idees met die werklikheid is, is dit nodig dat ons die werklikheid moet kan beleef, benoem en onthou. Binne die grammatika lê ons hierdie vaardighede vas. Dié vaardighede is op elke vakgebied van toepassing. Ja, daar is die grammatika van taal, maar ook van wiskunde, geografie, geskiedenis, natuurwetenskappe, musiek, kuns en selfs, kookkuns, naaldwerk, tegnologie, sport en so meer. Let wel, die fokus is nie die inhoud self nie, ons beoefen benoeming, agting, memorisering en uitdrukking op die inhoud van enige vakgebied.

Die kuns van logika of die dialektiek vestig die vaardigheid van georganiseerde, logiese denke. Die hoërdefunksie van menslike denke is ons vermoë om uit dit wat ons reeds weet tot nuwe insig en gevolgtrekkings te kom. Ons moet dus die reëls van formele logika verstaan en beoefen en denkfoute kan uitwys en vermy. Om feite te kan waarneem, benoem en onthou, is nie alleen intellektueel bevredigend nie. Ons wil ook verstaan hoe hierdie feite met mekaar verband hou. Ons wil oorsake en gevolge verstaan sodat ons reg kan oordeel oor die waarheid, die skoonheid, en die goedheid. Deur onself die korrekte vrae af te vra kan ons realiteit beter verstaan. Ons vra vrae oor definisies, vergelykings, omstandighede, verhoudings, getuienis en outoriteit. Ons het tans 'n vink wat besig is om neste te bou in die boom in die binnehof van ons huis. Die grammatika van voëls, neste, eiers, migrasie, ensovoorts is reeds by ons jongste kinders vasgelê. Wanneer ons egter oplet na die vinke neem ons sekere interessante gedrag waar waarvoor ons graag 'n oorsaak of 'n verduideliking wil hê. Deur onself goeie vrae te vra kan ons tot 'n geldige gevolgtrekking kom oor die gedrag van die vinke. Wat is 'n vink? Wat is 'n vink nie? Hoe verskil 'n vink van 'n duif? Hoe verskil die vinkneste van duifneste? Hoe verskil die vinkneste van mekaar? Wat is die omstandighede van die vinke in ons boom? Wat is hul verhouding met die boom, met ons, met mekaar, met ander lewende organismes in ons tuin? Wie is 'n outoriteit in vink gedrag, waar kan ons goeie getuienis daarvoor opspoor? So kom ons tot geldige gevolgtrekkings oor die vinke se gedrag. Hierdie denkvaardighede word oor en oor geoefen en verskerp in elke vakgebied wat ons bestudeer. Dit is van toepassing op wat ons van vinke wil weet maar ook op hoe ons oor reg en geregtigheid moet dink, op hoe ons 'n wiskunde probleem oplos en op hoe ons Jesus se gelykenisse verstaan.

Die kuns van retoriek is die vaardigheid om ons gedagtes te kan weergee op 'n samehangende en oortuigende wyse. Eers bedink ons die inhoud van die boodskap, waarvoor wil ons kommunikeer? Dan besluit ons hoe om die inhoud te organiseer. Hoe gaan ons begin, waarmee gaan ons eindig? In watter volgorde is die inhoud oortuigend? Voordrag (elocution) is die styl waarin ons die inhoud gaan oordra. Watter tegnieke kan ons gebruik om die inhoud so oortuigend as moontlik oor te dra? Ons beoefen ook memorisering, nie net van die voordrag nie, maar ook die vaardigheid om alles uit ons geheue wat op hierdie inhoud van toepassing is te benut. Ons bedink en oefen die publieke voordrag van ons idees. Ons neem aspekte soos intonasie, handgebare, hulpbronne, media, die gehoor en die omgewing in ag. Of dit deur middel van 'n formele navorsingstuk, 'n mondelinge voordrag, 'n gedig, of 'n tekening is, die vaardigheid van retoriek maak dit vir ons moontlik om uiting te gee aan ons idees binne elke vakgebied.

Laastens deel ek graag net kortliks oor assessering of evaluering, ek is nie seker watter term tans gebruik word nie. As die fundamentele uitkoms van opvoeding wysheid en die beoefening van die deugde deur middel van waardering vir die waarheid, die goedheid, en die skoonheid is, lyk assessering noodwendig anders.



Binne 'n klassieke benadering is assessering, individueel, persoonlik en menslik. Vordering in wysheid en deugde is nie kwantitatief meetbaar nie. Dit kan slegs bepaal word in diep en menslike verhoudings.

Die kompeterende, kwantitatiewe sisteem van moderne pragmatiese opvoeding is vir die klassieke opvoeder van geen waarde nie. Die C op die rapport is geen aanduiding van die groei in wysheid en deug van die individu nie. As dit deur harde werk, deursettingsvermoë, pligsgetrouheid en groei in vaardigheid bekom is, dui dit op baie meer vordering as die A van die begaafde student wat eintlik maar op sy louere rus. Assessering behoort 'n viering te wees van die mate waartoe ons vaardighede reeds bemeester het en 'n aansporing tot verdieping in ons begrip van waarheid, skoonheid, en goedheid.

Ek het aan die begin genoem dat dit vir ons as ouers belangrik is dat ons kinders met ywer en bevoegdheid moet kan deelneem aan die groot, eeu oue intellektuele gesprek. Dit is ons oortuiging dat die bemeestering van inhoud in 'n handjievol vakke, nooit hierdie doel sal bereik nie.

Ons kinders benodig die vaardighede wat leer en groei in elke aspek van hul lewens vir die res van hul lewens sal moontlik maak. Hulle benodig die vaardighede om sin te kan maak uit die realiteit waarin hulle hulself bevind, om daarin die ware, die goeie, en die skone te kan herken en om dit getrou na te volg. Om in elke aspek van die skepping wat hulle bestudeer die nodige gevolgtrekking tot 'n Skepper te kan maak en om dit met wysheid en innemendheid met hul medemens te deel.

'n Klassieke opvoeding is die vervulling van Paulus se opdrag om alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is – watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees – te bedink en dan te beoefen.

Ter wille van die siele van ons kinders kan ons met niks minder tevrede wees nie.